geleentheid vir intermaatskappylenings („grysmark-transaksies”), te verminder. Terselfdertyd het dit die uitwerking gehad om die likwiede bates van die handels- en ander monetêre banke te verminder, waarop hulle vermoë om geld en kwasi-geld te skep normaalweg gebaseer is, dit wil sê wanneer daar nie, soos tans, direkte beperkings op hulle krediet aan die private sektor is nie.

Verder het die hoeveelheid daggeld wat deur banke en andere by die diskontohuise en die Nasionale Finansiële korporasie gehou word, skerp gedaal, met die gevolg dat hierdie instellings by tye verplig was om op groot skaal by die Reserwebank te herdiskonteer. Dit het natuurlik die Bank beter beheer oor die geldmark gegee.

Ten slotte het die skatkiswissel-tenderkoers en ander verwante korttermyn-rentekoerse, insluitende die koste van intermaatskappylenings en akseptkrediet, opwaarts beweeg om sodoende in 'n beter verhouding tot die bankkoers te kom, wat weer daartoe bygedra het om die aansporing tot intermaatskappylenings te verminder en om, in die algemeen, die breë kredietbeleid van die monetêre owerhede meer effektief te maak.

Die afname in die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld en in die algemene beskikbaarheid van krediet gedurende die eerste kwartaal van 1967 sou baie groter gewees het, en die algemene monetêre en fiskale beleid van die owerhede selfs meer effektief, as bankkrediet direk aan die private sektor verleen nie gedurende hierdie tydperk skerp toegeneem het nie. Hierdie opwaartse beweging, wat in April voortgesit is, het die krediet wat deur die monetêre banke aan die private sektor verleen is, met uitsluiting van die Landbank, tot heelwat bo die „plafon” wat deur die Reserwebank vir hierdie soort krediet vir 30 September 1967 gestel is, te staan gebring. Selfs al word voorsiening gemaak vir die feit dat sekere tipes verdiskonteringe en voorskotte, soos krediet aan sekere openbare korporasies en vir die finansiering van spesiale invoere wat in landsbelang geag word, van hierdie kredietvoorskrif vrygestel is en byna sekerlik in die komende maande sal styg, kan dit verwag word dat die banke se totale diskonteringe en voorskotte aan die private sektor, uitsluitende die Landbank, in die nabye toekoms sal begin daal. Die monetêre owerhede het onlangs, in die besef dat 'n aansienlike vermindering in die beskikbaarheid van krediet en in die verhouding van die private sektor se likwiditeit tot bruto binnelandse produk noodsaaklik vir die sukses van hulle breë strategie teen inflasie is, hulle beslist-

heid om die beperkende bankkredietbeleid voort te sit, herbevestig.

Alhoewel die owerheidsmaatreëls teen inflasie dus nog nie daarin geslaag het om hul uiteindelijke doelstelling te verwesenlik nie, is daar sekere aanduidings dat hulle in 'n toenemende mate hul invloed laat geld en stadig besig is om nie alleen monetêre en finansiële toestande te vernou nie, maar ook 'n beperkende invloed op die oormatige besteding aan plaaslik vervaardigde sowel as ingevoerde kapitaal- en verbruiksgoedere en dienste uit te oefen.


Nasionale rekeninge¹

Bruto binnelandse produk

Volgens voorlopige aanduidings het die bruto binnelandse produk teen heersende pryse gedurende die vierde kwartaal van 1966 en die eerste kwartaal van 1967 teen 'n aansienlik stadiger koers as gedurende die eerste drie kwartale van 1966 toegeneem. Alhoewel dit gedeeltelik toegeskryf kan word aan 'n afname in die toegevoegde waarde van landbou, wat moontlik later sal blyk slegs tydelik te gewees het, is dieselfde tendens deur die bruto binnelandse produk, uitgesonderd landbou, getoon, alhoewel in 'n mindere mate. In reële terme, d.i. gewaardeer teen konstante pryse, wil dit voorkom asof die bruto binnelandse produk gedurende die ses maande geëindig Maart 1967 min toegeneem het.

Bruto binnelandse besteding

Bruto binnelandse besteding, wat gedurende die loop van 1966 skerp gestyg het, het gedurende die eerste kwartaal van 1967 verder toegeneem, alhoewel ook teen 'n stadiger koers. Nietemin het dit, net soos gedurende die vorige kwartaal, weer die bruto nasionale produk met 'n aansienlike bedrag oorskry, sodat




die betalingsbalans in lopende rekening 'n groot tekort bly toon het. Die uitvoer van goedere en dienste, wat gedurende die derde kwartaal van 1966 vinnig toegeneem het en daarna gedurende die vierde kwartaal afgeneem het, het gedurende die eerste kwartaal van 1967 'n opwaartse beweging hervat. Die invoer van goedere en dienste het egter ook met ongeveer dieselfde bedrag toegeneem.

Private verbruik en lopende owerheidsbesteding

Hierdie verdere toename in die bruto binnelandse besteding kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n voortsetting van die opwaartse beweging in private verbruik, veral in die geval van besteding aan nie-duursame verbruiksgoedere. Alhoewel die verkope van motors voortgegaan het om sterk te styg, het die totale besteding aan duursame verbruiksgoedere min verdere toename getoon.

Lopende besteding deur die algemene owerheid het vir die tweede agtereenvolgende kwartaal 'n klein



¹ Die ontleding in hierdie deel van die oorsig is hoofsaaklik gebaseer op die Reserwebank se kwartaallike ramings van die nasionale rekeninge, ná uitskakeling van die seisoensinvloed. Aangesien hierdie syfers nog nie as betroubaar genoeg vir publikasie beskou word nie, word die ontleding van die kwartaallike verwickelinge tot die beskrywing van breë tendense beperk.

daling getoon om 'n peil te bereik wat slegs ongeveer 1 persent hoër was as die peil wat in die eerste kwartaal van 1966 behaal is.

Vaste kapitaalbesteding

Totale bruto binnelandse vaste investering, wat gedurende die twee voorafgaande kwartale skerp gestyg het, het gedurende die eerste kwartaal van 1967 effens gedaal. Vaste kapitaalbesteding van openbare owerhede het min verandering getoon en in die geval van openbare korporasies verder gestyg. *Private* vaste investering het egter merkbaar gedaal, wat afnames in die besteding aan vaste bates in die landbou, die fabriekswese, woongeboue en die handel weerspieël het.

Hierdie afname in vaste kapitaalbesteding deur private sakeondernemings, wat ten minste gedeeltelik aan die hoër rentekoerse en die disinflasionistiese monetêre en fiskale beleid in die algemeen toegeskryf kan word, skyn 'n betekenisvolle ontwikkeling te wees, aangesien 'n afname in hierdie belangrike komponent van bruto binnelandse besteding dikwels die voorloper van 'n meer algemene verlangsamings in besteding, insluitende verbruiksbesteding, is. In elk geval is dit nou duidelik dat private vaste investering, alhoewel nog op 'n baie hoë peil, gedurende die afgelope vyf kwartale as geheel beskou, meer gelyk verloop het.

Voorraadinvestering

Voorraadinvestering, d.i. die netto toevoeging tot totale voorrade, wat gedurende die loop van 1966 tot 'n baie hoë peil in die vierde kwartaal toegeneem het, het gedurende die eerste kwartaal van 1967 weinig verdere verandering getoon. Met ander woorde, die totale voorraad goedere in die land het aangehou om teen 'n baie vinnige koers toe te neem. Dit wil voorkom asof dit gedeeltelik toegeskryf kan word aan die amptelike beleid om voorrade van strategiese goedere op te bou, en gedeeltelik aan optimistiese, miskien ooroptimistiese, verwagtings aan die kant van private handels- en nywerheidsondernemings met betrekking tot toekomstige verkope.

Bruto binnelandse besparing

Volgens baie voorlopige syfers het bruto binnelandse besparing gedurende die eerste kwartaal van 1967 aansienlik toegeneem vergeleke met 'n betekenisvolle afname gedurende die vierde kwartaal van 1966.

Algemene indruk

Die algemene indruk wat die nasionale rekeninge vir die eerste kwartaal van 1967 skep, is dat terwyl die monetêre vraag na goedere en dienste nog oormatig gebly het in die sin dat dit nog aangehou het om oormatige druk op interne hulpbronne en die betalingsbalans uit te oefen, ekonomiese kragte aan die werk was wat op 'n geleidelike afname in die graad van oorbesteding gedui het.

Algemene ekonomiese aanwysers

Alhoewel die verkope van nuwe motorkarre en handelsvoertuie en die pryse van handels- en nywerheidsaandele gedurende die eerste vier maande van 1967 'n opwaartse neiging bly toon het, het die meeste ander beskikbare maandelikse aanwysers van ekonomiese bedrywigheid geneig om òf teen die einde van 1966 òf gedurende die eerste paar maande van 1967, meer gelyk te verloop. Soos die meegaande grafiek aantoon, het dit gegeld vir sulke uiteenlopende indekse soos dié van fabrieksproduksie, bankdebiteringe, bouplanne goedgekeur, transaksies in vaste eiendom, kleinhandelsverkope en spoorweginkomste. Geoordeel volgens hierdie verwikkelinge wil dit ook voorkom asof die nuwe sikliese opswaai wat by benadering vanaf die tweede kwartaal van 1966 begin het en gedreig het om die bestaande inflasie te vererger, minder as 'n jaar volgehou het voordat dit aansienlike dryfkrag verloor het.

Aan die ander kant was daar tot nog toe geen bewyse van 'n duidelike *afswaai* in hierdie aanwysers soos wat gedurende die loop van 1965 voorgekom het nie. Inteendeel, die feite toon dat feitlik alle vorme van ekonomiese bedrywigheid gedurende die tydperk onder bespreking deurgaans op 'n baie hoë peil gebly het.


Pryse

Die seisoensaangesuiwerde indeks van verbruikerspryse het gedurende die eerste vier maande van 1967 teen 'n *jaarlikse* koers van 3.8 persent toegeneem¹, vergeleke met 3.7 persent tussen Desember 1965 en Desember 1966. Hierdie verdere opwaartse beweging was grootliks toe te skrywe aan 'n toename in voedselpryse. Trouens, indien voedselpryse buite rekening gelaat word, het die indeks met minder as 0.1 persent per maand gedurende Februarie, Maart en April 1967 toegeneem.

Verbruikerspryse—seisoensinvloed uitgeskakel Jaarlikse persentasiekoers van toename

Tydperk	Voedsel	Ander	Totaal
Des. 1963–Des. 1964	9.3	2.0	4.0
Des. 1964–Des. 1965	2.0	3.7	3.2
Des. 1965–Des. 1966	4.2	3.5	3.7
Des. 1966–April 1967	7.1	2.8	3.8

¹ By die ontleding van veranderinge in die indekse van verbruikers- en groothandelpyse oor die kort termyn moet in gedagte gehou word dat hierdie indekse neig om aansienlik van maand tot maand te skommel, sodat 'n groter of kleiner toename in enige een of twee maande, of selfs in 'n kwartaal, nie noodwendig beteken dat die inflasionistiese druk toeneem of afneem nie. Daar moet dus nie veel gewig aan die bewegings van hierdie indekse oor die kort termyn verleen word nie; die werklike prysneigings kan slegs oor 'n langer tydperk bepaal word.



Die seisoensaangesuiwerde indeks van groothandelspryse het ook verder toegeneem, maar teen 'n aanmerklik laer koers as gedurende 1966. Vergeleke met 'n styging van 4.4 persent tussen Desember 1965 en Desember 1966, het dit teen 'n jaarkoers van slegs 2.9 persent tussen Desember 1966 en April 1967 toegeneem. Die vernaamste rede vir hierdie verlang-saming was 'n afname in die groothandelspryse van landbou-, bosbou- en visseryprodukte, alhoewel die koers van toename in pryse van vervaardigde produkte ook laer was.

Groothandelspryse—seisoensinvloed uitgeskakel
Jaarlikse persentasiekoers van toename

Tydperk	Goedere geproduseer in Suid-Afrika			Ingevoerde goedere	Totaal
	Landbou, ens.	Fabrieks-wese	Totaal wese		
Des. 1963—Des. 1964 . .	11.7	2.8	4.1	2.6	3.7
Des. 1964—Des. 1965 . .	2.8	2.6	2.8	1.4	2.4
Des. 1965—Des. 1966 . .	7.1	4.2	4.9	3.1	4.4
Des. 1966—April 1967 . .	0.7	2.4	2.9	2.6	2.9



Betalingsbalans

Die invoer neig om meer gelyk te verloop

Nadat die invoer gedurende die tweede helfte van 1966 skerp toegeneem het en, soos gewoonlik, die opswaai in vaste en voorradinvestering getrou weer-spieël het, het dit in Januarie 1967, ná uitskakeling van die seisoensinvloed en gereken teen 'n jaarkoers, 'n rekordpeil van R2,304 miljoen bereik. In die daaropvolgende maande het dit geneig om op 'n ietwat laer peil meer gelyk te verloop. Die feit dat hierdie neiging voorgekom het ten spyte van die verdere verslapping van invoerbeheer in Desember 1966 en die amptelike beleid om sekere strategiese materiale op te berg, dien as 'n verdere aanduiding dat die sikliese opswaai geneig het om gedurende die eerste vier maande van 1967 te verswak.

Tekort op lopende rekening

Die invoer was nietemin gedurende die eerste kwartaal van 1967 aansienlik hoër as gedurende die vierde kwartaal van 1966 sodat, ondanks 'n toename in die uitvoer en 'n afname in die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld, die lopende rekening van die betalingsbalans weer 'n aansienlike tekort getoon het, naamlik van R85 miljoen vergeleke met R77 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1966. Ná uitskakeling van die seisoensinvloed en gereken teen 'n jaarkoers het die tekort gedurende die eerste kwartaal R272 miljoen bedra, vergeleke met R388 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1966.




Kleiner netto invloeiing van kapitaal



Net soos gedurende die voorafgaande sewe kwartale, was daar weer gedurende die eerste kwartaal van 1967 'n netto invloeiing van private kapitaal, alhoewel dit slegs R18 miljoen bedra het, vergeleke met R51 miljoen, R16 miljoen en R80 miljoen onderskeidelik gedurende die tweede, derde en vierde kwartale van 1966. Ongeveer R11 miljoen van hierdie totaal van R18 miljoen is geïdentifiseer as langtermynkapitaal.

Sentrale regerings- en bankkapitaal daarenteen het gedurende die eerste kwartaal van 1967 'n verdere netto uitvloeiing van R8 miljoen getoon, hoofsaaklik as gevolg van terugbetalings op buitelandse lenings deur die Reserwebank en die Regering.

Afname in goud- en buitelandse valuta-reserwes

Die netto resultaat van die lopende tekort van R85 miljoen, die netto private kapitaalinvloeiing van R18 miljoen en die netto uitvloeiing van sentrale regerings- en bankkapitaal van R8 miljoen gedurende die eerste kwartaal, was 'n afname van R75 miljoen in die totale goud- en buitelandse valuta-reserwes gehou deur die Reserwebank, die res van die banksektor en die Regering, wat hierdie totale reserwes aan die einde van Maart op R514 miljoen te staan gebring het. Gedurende April het daar 'n verdere afname van R37 miljoen en gedurende Mei nog 'n vermindering van





ongeveer R20 tot R30 miljoen in die totale reserves plaasgevind. Aan die einde van Mei moes die totale reserves gevolglik in die omgewing van R450 miljoen gewees het, waarvan die Reserwebank R407 miljoen gehou het.

Monetêre en banktoestand

Geld en kwasi-geld

Die hoeveelheid geld en kwasi-geld in die hande van die private sektor het vanaf 'n hoogtepunt van R2,643 miljoen aan die einde van Desember 1966 tot R2,559 miljoen aan die einde van Maart 1967 afgeneem, d.i. met R84 miljoen. Hierdie afname was gedeeltelik die binnelandse teenhanger van 'n afname van R68 miljoen in die *netto* goud- en buitelandse valutareserwes gedurende hierdie tydperk, d.i. ná aftrekking van korttermyn buitelandse laste. Maar, soos uit die meegaande tabel blyk, was dit hoofsaaklik toe te skryf aan 'n aansienlike afname in bankkrediet verleen aan die regeringsektor, soos aangedui deur 'n afname van nie minder nie as R118 miljoen in die

Oorsake van veranderinge in geld en kwasi-geld

(Veranderinge in die gekonsolideerde bates en laste van die monetêre banksektor)

R miljoen

	1966			1967	
	2de kw.	3de kw.	4de kw.	1ste kw.	April
Veranderinge in geld en kwasi-geld:					
Geld	126	6	42	-75	-2
Kwasi-geld	24	67	6	-9	19
Totaal	150	73	48	-84	17
Oorsake van veranderinge:					
Netto goud- en buitelandse valutareserwes	87	16	-9	-68	-37
Eise teen regeringsektor	115	83	30	-158	6
Regeringsdeposito's*	-24	-100	10	40	61
Netto eise teen die regeringsektor	91	-16	40	-118	67
Eise teen private sektor	38	69	78	112	23
Langtermyndeposito's*	-102	-23	-32	-12	-17
Ander bates en laste	37	28	-29	2	-19
Totaal	150	73	48	-84	17

*Toename -, afname +.

netto eise van die banksektor teen die regeringsektor; die deposito's van die regeringsektor het gedurende hierdie tydperk met R40 miljoen afgeneem, maar dit is meer as goedgemaak deur 'n afname van R158 miljoen in die banksektor se besit aan skatkiswissels, staatseffekte en ander eise teen die regeringsektor. Hierdie gunstige wending in die finansies van die regeringsektor was gedeeltelik 'n normale seisoensverbetering, maar dit was ook gedeeltelik die gevolg van die verhoogde belasting, die hoër rentekoerse op staatseffekte en ander owerheidsmaatreëls wat gedurende 1966 toegepas is.

Ongelukkig is die gunstige vernouingsuitwerking op binnelandse likwiditeit van die betalingsbalans-tekort en die afname in bankkrediet aan die regeringsektor gedeeltelik geneutraliseer deur 'n aansienlike verdere uitbreiding van bankkrediet aan die private sektor, soos aangedui deur 'n toename van R112 miljoen in die eise van die banksektor teen die private sektor gedurende die eerste kwartaal. Omdat sowel die regeringsektor se finansieringsaktiwiteite as die tekort op die betalingsbalans geld en kwasi-geld vanuit die private sektor ten tye van hoë vaste en voorraadinvestering en hoë invoere gedreineer het, het die private sektor se vraag na krediet vanselfsprekend skerp toegeneem. Maar die feit dat die banke tot so 'n groot mate daartoe in staat was om in hierdie addisionele vraag te voorsien, het die voortgesette oormatige besteding vergemaklik en gevolglik die doeltreffendheid van die amptelike disinflasionistiese beleid verminder.



Ten spyte van die afname in totale geld en kwasi-geld tussen Desember 1966 en Maart 1967, het die private sektor gedurende hierdie tydperk steeds in 'n relatief likwiede toestand verkeer soos aangetoon word deur die feit dat die verhouding van geld en

kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk gedurende die eerste kwartaal van 1967, 28.2 persent beloop het, wat 'n relatief hoë syfer is indien dit met die gemiddelde van ongeveer 26 persent vir die tydperk 1955–64 vergelyk word. Desnieteenstaande, selfs al word seisoensfaktore in aanmerking geneem, dui 'n vergelyking van hierdie persentasie met die hoogtepunt van 29.5 persent wat in die vierde kwartaal van 1965 bereik is tog daarop dat die pogings van die owerhede om die toename in die likwiditeit van die private sektor te stuit en progressief 'n vernouing van die algemene monetêre toestand te bewerkstellig, 'n mate van sukses behaal het.


Gedurende April het die hoeveelheid geld en kwasi-geld matig met R17 miljoen toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n toename, gedeeltelik van 'n seisoens-aard, van R67 miljoen in die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor en 'n verdere toename van R23 miljoen in banksektoreise teen die private sektor, wat 'n verdere afname van R37 miljoen in die netto goud- en buitelandse valutareserwes en 'n toename van R17 miljoen in langtermyndeposito's (wat nie as kwasi-geld beskou word nie) meer as geneutraliseer het.

Bankkrediet

Teen die einde van April het die diskonteringe en voorskotte verleen deur die handelsbanke en hul bankinstelling-filiale aan die private sektor, uitgesonderd die Landbank, tot R141 miljoen bokant die limiet wat deur die Reserwebank vir September 1967 gestel is, toegeneem, terwyl dié van ander monetêre huurkoop-, spaar- en algemene banke ongeveer R3 miljoen onder die limiet was. In totaal was hierdie diskonteringe en voorskotte dus ongeveer R138 miljoen bokant die September-„plafon“. In hierdie syfer is egter verskeie bedrae ingesluit, wat in totaal ten minste R15 miljoen beloop, wat van die Reserwebank se voorskrif vrygestel is, soos krediet aan sekere openbare korporasies en krediet vir die finansiering van spesiale invoere wat van strategiese waarde geag word. Ten einde aan die voorskrif te voldoen, sal hierdie banke derhalwe hulle „gewone“ diskonteringe en voorskotte aan die private sektor, uitgesonderd die Landbank, met 'n maksimum van R123 miljoen tussen April en September moet verminder. Maar aangesien dit verwag word dat die „vrygestelde krediet“ gedurende hierdie tydperk aansienlik sal toeneem, sal die banke se *totale* diskonteringe en voorskotte aan die private sektor, uitgesonderd die Landbank, met heelwat minder as hierdie bedrag voor September hoef te daal.

Afname in likwiede bates van banke

Die aansienlike toename in die monetêre banke se diskonteringe en voorskotte op 'n tydstip toe hul likwiede bates skerp verminder is deur die finan-



sieringsaktiwiteite van die regeringsektor en die betalingsbalanstekort, het die belangrike uitwerking gehad om hulle *verhouding* van likwiede bates tot totale verpligtings teenoor die publiek verder te verminder en dit nader aan die wetlike vereiste minimum te bring as wat dit vir vyftien maande was. In die geval van die handelsbanke, byvoorbeeld, het hulle *surplus* likwiede bate-verhouding vanaf 10·1 persent aan die einde van Desember 1966 tot 3·3 persent aan die einde van April 1967 afgeneem.


Toename in minimum likwiede bate-verhoudings

Gedurende Junie 1966 het die owerhede aangekondig dat die minimum likwiditeitsverhoudings vir alle aksep-, huurkoop-, spaar- en algemene banke met ingang einde Julie, vanaf die normale 30, 20 en 5 persent van onderskeidelik kort-, middel- en langtermynverpligtings teenoor die publiek tot onderskeidelik 34, 24 en 5 persent verhoog sal word. In die geval van handelsbanke is hierdie verhoudings reeds progressief in 1965 tot die maksimum persentasies van 40, 30 en 5 persent verhoog. In daardie stadium was dit nie moontlik om die verhoudings vir ander bankinstellings te verhoog nie, aangesien hulle 'n jaar toegelaat is om aan die likwiede bate-vereistes van die nuwe Bankwet, wat eers in Januarie 1965 in werking getree het, te voldoen. Later, nadat daar vanaf Oktober 1965 gebruik gemaak is van die metode om 'n plafon te plaas op krediet wat aan die private sektor deur alle monetêre banke verleen is, was dit nie

dringend noodsaaklik om die minimum likwiditeitsverhoudings vir aksep-, huurkoop-, spaar- en algemene banke te verhoog as 'n metode van kredietbeheer nie. Bowendien, as gevolg van die gunstige betalingsbalans gedurende die tien maande geëindig Julie 1966 en die gelyktydige bestaan van die kredietvoorskrif, het hierdie instellings in elk geval groot surplus likwiede bate-verhoudings gedurende 1966 gehandhaaf. Maar latere veranderinge in die monetêre en banktoestand het dit wenslik gemaak om in belang van billikheid sowel as stabiliteit die minimumverhoudings vir hierdie instellings meer in lyn met dié van handelsbanke te bring.

Daling in daggeld

'n Verdere gevolg van die disinflasionistiese finansieringswyse van die regeringsektor en die verslapping van invoerbeheer, was 'n daling in die bedrag aan daggeld gehou deur bankinstellings en andere by diskontohuise en die Nasionale Finansiële korporasie, naamlik van maandeind-gemiddeldes van R183 miljoen en R147 miljoen gedurende die derde en vierde kwartale van 1966 onderskeidelik, tot 'n gemiddelde van R137 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1967. Inderdaad was hierdie instellings gedurende die laasgenoemde tydperk soms verplig om tot 'n baie groter mate as gewoonlik by die Reserwebank te herdiskonteer. Dit het 'n groter mate van beheer oor die geldmark aan die Bank gegee.



Opwaartse tendens in korttermyn-rentekoerse

As gevolg van die veranderde vraag- en aanbodverhoudings in die geldmark was dit nie onverwags dat korttermyn-rentekoerse oor die algemeen gedurende die eerste vyf maande van 1967 opwaarts beweeg het nie. Die skatkiswissel-tenderkoers het byvoorbeeld


vanaf 4.56 persent aan die einde van 1966 tot 5.00 persent aan die einde van Maart 1967 gestyg. In die daaropvolgende weke het dit gedaal tot 4.75 persent op 12 Mei, gedeeltelik as gevolg van 'n seisoensverskuiwing van regeringsfondse na die private sektor, maar toe weer tot 4.94 persent op 23 Junie gestyg. Ander verwante rentekoerse, soos dié op aksepkrediete en intermaatskappylenings, het ook in 'n meer normale verhouding tot die bankkoers te staan gekom; laasgenoemde is gedurende die tydperk onder beskouing op 6 persent gehandhaaf.

Hierdie opwaartse beweging in die skatkiswisselkoers het gepaard gegaan met 'n styging in twee stadiums, naamlik in Maart en April, in die Reserwebank se stel rentekoerse vir kort- en mediumtermynstaatsseffekte, wat die koers op effekte met 'n uitstaande looptyd van 3 tot 3½ jaar op 5½ persent te staan gebring het.

Hierdie verskillende rentekoersveranderinge het geneig om die aansporing tot intermaatskappylenings tot 'n meer normale omvang te verminder. Ná die styging in die bankkoers tot 6 persent in Julie 1966, was hierdie aansporing besonder sterk as gevolg van die bestaan van 'n gaping van bykans 4 persent tussen die skatkiswisselkoers (waarmee intermaatskappyleenkoerse normaalweg verband hou) en die minimumoortrekkingskoers van handelsbanke, wat normaalweg twee persent bokant die bankkoers is. Dit wil voorkom asof daar in een stadium inderdaad aansienlike vervanging van bankkrediet deur „grysmarkfinansiering” was, wat daartoe bygedra het om die banke se diskonteringe en voorskotte aan die private sektor gedurende die grootste gedeelte van 1966 aansienlik benede die ou vasgestelde „plafon” te hou. Die verskyning van 'n tekort op die betalingsbalans en die disinflasionistiese finansiering van regeringsuitgawes het egter daarna nie alleen die ruimte vir onderlinge finansiering deur maatskappye verminder nie maar, deur grysmarkrentekoerse te laat styg, ook die aansporing. Dit wil voorkom asof dit in 'n aansienlike mate bygedra het tot die skerp styging in bankkrediet aan die private sektor gedurende die afgelope twaalf maande.

As gevolg van hierdie ontwikkelings was die beleid, aangekondig in Desember 1966, om addisionele skatkiswissels aan banke asook aan gewone sakeondernemings uit te reik, nie vir lank nodig nie. Die uitstaande bedrag aan skatkiswissels het inderdaad aansienlik gedurende Februarie en Maart gedaal voordat dit weer in April, Mei en Junie matig gestyg het.


Die daling in geld en kwasi-geld gedurende die eerste kwartaal, op 'n tydstip toe die vraag na die meeste tipes uitleenbare fondse nog nie betekenisvol gedaal het nie, het ook gelei tot sterk mededinging om fondse tussen die verskillende soorte bankinstellings en bouverenigings en 'n opwaartse aanpassing in rentekoerse op verskeie soorte deposito's.



Staatsfinansies

Daar is reeds vroeër gemeld dat, terwyl die deposito's van die regeringsektor gedurende die eerste kwartaal van 1967 met R40 miljoen gedaal het, die bruto eise van die banksektor teen die regeringsektor met R158 miljoen afgeneem het, sodat die regeringsektor se *netto* skuldposisie teenoor die banksektor in werklikheid met R118 miljoen gedurende hierdie tydperk gedaal het. Ook is daarop gewys dat hierdie afname gedeeltelik seisoenaal van aard was en gedurende April deur 'n styging van R67 miljoen gevolg is, wat ook in 'n mate 'n seisoensverandering was.

Hierdie skerp skommelings was in die eerste plek nie toe te skryf aan veranderinge in die skatkisfinansies nie, maar eerder aan veranderinge in die deposito's van provinsiale administrasies, die Staatskuldkommissaris en die Betaalmeestergeneraal, asook aan veranderinge in krediet verleen deur die banksektor aan provinsiale administrasies en verskeie openbare fondse. Die provinsiale administrasies het byvoorbeeld hulle *netto* skuld teenoor die banksektor met R66 miljoen gedurende die eerste kwartaal verminder en dit toe weer met R22 miljoen in April verhoog, terwyl die deposito's wat deur die Betaalmeestergeneraal by



die Reserwebank gehou word gedurende die eerste kwartaal met R28 miljoen gestyg en toe met R40 miljoen gedurende April gedaal het. Die skatkis-rekening op sigself het ietwat verskillende tendense getoon, soos saamgevat in die meegaande tabel.

Skatkisfinansies

R miljoene

	1966		1967	
	3de kw.	4de kw.	1ste kw.	April
Totale tekort uitgesonderd lenings	53	45	133	34
Finansiering:				
Verandering in netto skuldposisie teenoor:				
Buitelandse sektor	4	-19	-3	-12
Private nie-banksektor	30	53	53	6
Staatskuldkommissaris	22	29	95	21
Betaalmeestergeneraal en bestaansbeveiligingsfondse	—	—	—	40
Subtotaal	56	63	145	55
Monetêre banksektor:				
Verandering in staatspapier	64	-5	-128	-12
Verandering in skatkissaldo*	-67	-13	-12	-21
Subtotaal	-3	-18	-12	-21
Totale finansiering	53	45	133	34

*Toename —, afname +.

Die tabel toon dat die totale skatkistekort, uitgesonderd lenings, van R133 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1967 meer as gedek is deur lenings van R145 miljoen van bronne buite die monetêre banksektor, sodat die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die banksektor in werklikheid met R12 miljoen verminder is (die netto gevolg van 'n afname van R128 miljoen in die banksektor se besit aan skatkiswissels en staatseffekte en 'n daling van R116 miljoen in die skatkissaldo). Dit was die derde agtereenvolgende kwartaal waarin skatkisuitgawes nie alleen op 'n streng „nie-inflasionistiese” manier nie, maar selfs op 'n geringe „disinflasionistiese” wyse gefinansier is.

Gedurende April het die Skatkis daarin geslaag om sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor met 'n verdere R21 miljoen te verminder, maar dit was nadat R40 miljoen van die Betaalmeestergeneraal-rekening wat by die Reserwebank gehou word, geleen is. Met ander woorde, sonder hierdie transaksie sou die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die banksektor met R19 miljoen gestyg het.

Kapitaalmark


In die kapitaalmark het die vraag na uitleenbare fondse gedurende die tydperk onder beskouing deurgaans buitengewoon sterk gebly en, hoewel die Reserwebank se stel koerse vir langtermyn-staatseffekte nie verander het nie, het verskeie ander langtermyn-rentekoerse geneig om te styg. Bankinstellings en bouverenigings het dit inderdaad nodig gevind om hulle rentekoerse op langtermyndeposito's te verhoog ten einde op 'n meer effektiewe wyse met ander vorme van belegging soos gewone en deelnemings-verbandobligasies, regstreekse lenings, ens., te kan meeding.

Die opbrengskoers op nuwe uitgiftes van langtermyn-effekte van munisipaliteite het gedurende die eerste kwartaal van 1967 by benadering op dieselfde vlak as gedurende die laaste kwartaal van 1966 gebly, naamlik op ongeveer 7·2 persent, maar die opbrengskoers op langtermyn-effekte uitgereik deur openbare korporasies, het van net oor die 7 persent tot byna 7·2 persent gestyg, sodat die marge tussen die opbrengskoerse op hierdie twee klasse van effekte feitlik uitgeskakel is. Hierbenewens het die opbrengskoerse op skuldbriewe en leningseffekte van maatskappye vanaf ongeveer 7 $\frac{3}{4}$ persent aan die einde van 1966 tot sowat 8 persent gedurende die eerste kwartaal van 1967 toegeneem.

Aandelepryse en -opbrengskoerse

Net soos gedurende die vierde kwartaal van 1966, het die pryse van goudmynaandele gedurende die eerste kwartaal en ook gedurende April aansienlik gedaal om die laagste vlak wat gedurende die afgelope twee-en-'n-half jaar aangeteken is, te bereik. Maar die pryse van finansiële aandele en in besonder van nywerheids- en

handelsaandele het skerp toegeneem tot 'n vlak wat baie na aan die hoogtepunt van April 1965 gekom het. Die gemiddelde opbrengskoers op goudmynaandele het tot meer as 10 persent in April toegeneem, terwyl dié op nywerheids- en handelsaandele tot ongeveer 4·2 persent in Maart gedaal het, vergeleke met net meer as 5 persent in Desember 1966.



Bouverenigings

Die algemene tekort aan fondse beskikbaar vir belegging in vaste rente-draende vorm, het aangehou om die bouverenigings te raak en hulle was weer eens nie in staat om volkome aan die abnormaal hoë vraag na hul verbandlenings te voldoen nie. Desnieteenstaande het die uitstaande bedrag van hulle verbanden ander lenings gedurende die eerste kwartaal met R25 miljoen toegeneem, wat die grootste kwartaal-like toename sedert die derde kwartaal van 1965 verteenwoordig het.

Die verenigings se middele het gedurende die eerste kwartaal van 1967 met R24 miljoen toegeneem. Aandelekapitaal het met R4 miljoen gedaal, maar vaste en spaardeposito's het onderskeidelik met R23 miljoen en R5 miljoen toegeneem. Die oorskot van totale voorgeskrewe beleggings bo en behalwe die statutêre minimum het vanaf R154 miljoen aan die einde van 1966 tot R122 miljoen aan die einde van Maart 1967 gedaal, wat nog steeds 'n baie gemaklike marge verskaf het.

Die verskerpte mededinging om fondse waarna vroeër verwys is, het dit vir die bouverenigings nodig gemaak om hulle rentekoerse op vaste deposito's vir 12 maande en langer en op onbepaalde termyn-aandele vanaf 6½ tot 7 persent in Maart te verhoog. Hulle uitleenkoerse is egter in die meeste gevalle onveranderd gelaat. Die verenigings is in hulle pogings om 'n styging in hulle uitleenkoerse te voorkom, gesteun deur 'n wetswysiging in Junie 1967 wat hulle vir een jaar van die vereiste om elke jaar 'n bedrag gelykstaande aan 10 persent van hulle netto wins in daardie jaar na 'n statutêre reserwe oor te dra, vrygestel het.

Opmerkings oor tabelle

Hersiene syfers

Die aandag word daarop gevestig dat sommige syfers vir 1965 en 1966 in die volgende tabelle hersien is:

Tabel S-48

Betalingsbalans—jaarsyfers.

Tabel S-49

Betalingsbalans—kwartaalsyfers.

Tabel S-50

Betalingsbalans in lopende rekening na uitskakeling van seisoensinvloed.

Tabel S-52

Betalingsbalansposte—dienste en oordragte.

Tabel S-53

Betalingsbalansposte—private kapitaalbewegings.

Tabel S-54

Betalingsbalansposte—kapitaalbewegings van sentrale regering en banksektor.

Hierdie hersienings is toe te skryf aan die feit dat bykomstige inligting onlangs beskikbaar gekom het. In die toekoms sal belangrike hersienings van betalingsbalanssyfers in die Junie-uitgawe van die *Kwartaalblad* gedoen word.

Hoofsaaklik as gevolg van die insluiting van inligting wat deur die Reserwebank op 'n kwartaalbasis ingesamel word en wat eers na publikasie van die voorlopige statistiek beskikbaar kom, is die kwartaalverdeling van die jaarlikse handelsyfers vir 1966 hersien.

'n Oorsig van die effektetrustbeweging in Suid-Afrika¹

deur C. J. de Swardt

1. Inleiding

In Mei 1965 het die eerste effektetrust op die Suid-Afrikaanse finansiële toneel verskyn. Daarna het meer instellings gevolg en op die oomblik bestaan daar vyf, terwyl 'n sesde binnekort met sy werksaamhede gaan begin. Die effektetrustbeweging het dus vinnig op dreef gekom, en geoordeel volgens die ondervinding van ander lande, mag dit in 'n belangrike onderdeel van die finansiële struktuur ontwikkel.

Die bestuursmaatskappye verbonde aan die effektetrusts het veel daartoe bygedra om die effektetrustbegrip aan die beleggingspubliek bekend te stel, en dit is gevolg deur 'n intensiewe verkoopsoging deur middel van advertensies en die daarstelling van 'n netwerk van agente. Die spoedige vooruitgang van die effektetrusts kan ook gedeeltelik toegeskryf word aan die feit dat die land so pas 'n langdurige tydperk van vinnige ekonomiese vooruitgang beleef het wat inflasionistiese neigings in die volkshuishouding te weeggebring het. Dit het potensiële beleggers meer ontvanklik gemaak vir die gedagte om deur middel van 'n belegging in aandele 'n verskansing teen inflasie te bekom, 'n aspek wat in besonder deur die trusts beklemtoon is. Bowendien belê die effektetrusts byna uitsluitlik in aandele, en 'n bestendige opwaartse beweging in aandelepryse vanaf die laaste kwartaal van 1965 het tot 'n toename in die markwaarde van hulle portefeuljes gelei.

Hoewel effektetrusts in hulle huidige vorm nog slegs twee jaar in Suid-Afrika bestaan, het die beleggings-trustbegrip 'n lang en kleurvolle geskiedenis wat teruggaan na die jaar 1868.² Sedertdien het die beleggingstrustbeweging 'n aantal moeilike tydperke in die finansiële geskiedenis deurstaan, vernameklik die drastiese daling in aandelepryse teen die einde van 1929 en die langdurige depressie wat daarop gevolg het, en het in hierdie proses ontwikkel „from a well-conceived but imperfect vehicle to an investment medium of proven merit”.³ Die aanvaarding van die beleggingstrustbegrip is vandag die grootste in die Ver-

enigde State van Amerika, wat ook die land van oorsprong van die onderlinge fonds⁴ of effektetrust in sy huidige vorm is.⁵ Die eerste onderlinge fonds is in 1924 in Boston gestig, maar hierdie tipe beleggings-trust is nie voor 1932 algemeen aanvaar nie.⁶

Die wese van effektetrusts en die tegniese aspekte van hulle werksaamhede is breedvoerig deur die oprigters van hierdie instellings beskryf toe hulle in Suid-Afrika van stapel gestuur is. Hierbenewens is daar sedert hulle totstandkoming ook veel oor hulle geskryf. Dit mag egter nuttig wees om na sommige van hierdie basiese eienskappe te verwys, voordat die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse effektetrusts in meer besonderhede bespreek word.

2. Algemene eienskappe van effektetrusts

'n Effektetrust kan beskryf word as 'n wetlike samestelling wat voorsiening maak vir die samevoeging van 'n groot aantal ongelyke bedrae van beleggingsfondse wat aan verskillende beleggers behoort, met die doel om hierdie fondse deur middel van professionele beleggingsbestuurders in 'n gediversifiseerde portefeulje van effekte te belê. Hierby kan gevoeg word dat die kapitaal van die trust volkome elasties is en sonder formaliteit deur die skepping van bykomende deelnemende onderaandele vergroot kan word, terwyl die onderaandele ook oor 'n delgingseienskap beskik wat onderaandeelhouders magtig om te eniger tyd te eis dat die trust die onderaandele moet terugkoop. Elke deelnemer deel pro rata in die portefeulje van die trust en inkomste wat uit beleggings voortspruit, maar moet ook sy eweredige deel van die bedryfskoste van die gemeenskaplike beleggingsfonds dra. Aan die beleggingskant, word die klem geplaas op die diversifikasie van beleggings en die gevolglike minimalisering van beleggingsrisiko's wat normaalweg nie binne die bereik van die belegger met 'n beperkte vermoë is nie. Die trust bied ook 'n deurlopende deskundige bestuur van beleggings aan wat gewoonlik slegs aan groot institusionele beleggers beskikbaar is.

¹ 'n Tabel wat statistiek van effektetrusts aanbied, verskyn aan die einde van hierdie artikel. Soortgelyke statistiek sal in toekomstige uitgawes van die *Kwartaalblad* as deel van die Statistiese Tabele verskyn.

² Die „Foreign and Colonial Government Trust” is in daardie jaar in Londen opgerig om in 'n gediversifiseerde reeks van buitelandse en koloniale staatseffekte te belê. (Vgl. Merriman, C. O.: *Mutual Funds and Unit Trusts. A Global View*. Sir Isaac Pitman & Sons Ltd., Londen, 1965.)

³ Bullock, Hugh: *The Story of Investment Companies*, Columbia University Press, Nieu-York, 1959, p. 151.

⁴ Die effektetrust (unit trust) is 'n Engelse begrip wat as sy Amerikaanse teenhanger die onderlinge fonds (mutual fund) het, hoewel daar klein verskille tussen hulle bestaan.

⁵ Beleggingstrusts kan in twee breë klasse ingedeel word, naamlik geslote trusts en ope trusts. Effektetrusts is ope trusts en hulle het as 'n variant van die ouere geslote trusts ontwikkel.

⁶ Vgl. Bullock, Hugh: *Op. cit.*, p. 71.

Effektetrusts belê hoofsaaklik in gewone aandele en oor die langtermyn neig pryse van gewone aandele om die onderliggende groei van die volkshuishouding tot 'n sekere mate te weerspieël. Die belegger in onderaandele van effektetrusts kan dus oor verloop van tyd 'n vermeerdering in die kapitaalwaarde van sy belegging verwag. Maar, hoewel aandelepryse 'n opwaartse langtermyn-tendens mag toon, sal korttermynskommelings in aandelepryse noodwendig voorkom en die belegger in onderaandele is nie te alle tye van 'n kapitaalwinst op sy belegging verseker nie.

As gevolg van die korttermynskommelings in aandelepryse, mag 'n belegger wat beoog om in onderaandele te belê, onseker wees oor die tydstip waarop hy die onderaandele behoort te koop. Effektetrusts het hierdie probleem opgelos deur die aanbieding van gereelde beleggingsgeleenthede wat die risiko verminder dat op 'n tydstip belê word wanneer aandelepryse 'n hoogtepunt bereik het. Die onderliggende beginsel wat hier te sprake is, is dié van rand-kostegelykstelling wat beteken dat wanneer 'n vaste bedrag met reëlmatige tussenposes in effekte belê word, ongeag prysskommelings, sal die gemiddelde koste van al die effekte wat gekoop is laer wees as die gemiddelde van al die pryse wat vir hierdie effekte betaal is. Dit volg uit die vanselfsprekende feit dat, met 'n vaste geldbedrag, meer effekte teen lae pryse as teen hoë pryse gekoop kan word.⁷

3. Tegnieë en wetlike aspekte van die werksaamhede van effektetrusts in Suid-Afrika

(a) Die bestuursamestelling

Daar is vier partye verbonde aan Suid-Afrikaanse effektetrustskemas, naamlik die trust self, die onderaandeelhouders, die bestuursmaatskappy en die trustee, en die verwantskap tussen hulle, sowel as die trust se metode van optrede en breë beleggingsbeleid, word in 'n trustakte saamgevat. Die bestuursmaatskappy wat 'n afsonderlike wetlike entiteit is, is vir die administrasie en bevordering van die trust verantwoordelik, maar die trustee, wat ook 'n afsonderlike entiteit is, verseker dat die beleggingsbeleid wat in die trustakte uiteengesit is, uitgevoer word. Hierbenewens word die effekte wat die portefeulje van die trust

uitmaak, aan die sorg van die trustee toevertrou, terwyl die trustee ook die uitreiking van onderaandele beheer.

Werksaamhede van effektetrusts in Suid-Afrika word gereël deur die *Wet op Beheer van Effektetrustskemas*, No. 18 van 1947, soos gewysig.⁸ Kragtens hierdie Wet moet bestuursmaatskappye wat beoog om 'n effektetrust te administreer, goedgekeur en geregistreer word deur die Registrateur van Effektetrustmaatskappye. Nie alleen moet 'n bestuursmaatskappy van bevredigende finansiële stand wees nie, maar hy moet ook oor 'n kapitaal van minstens R600,000 vir sy effektetrustwerksaamhede beskik. 'n Bestuursmaatskappy moet ook sy voorneme toon om die trust in die beste belang van die onderaandeelhouders te administreer deur nie minder nie as 10 persent van die totale onderaandele van die trust vir eie rekening te besit. Met die toestemming van die Registrateur mag hierdie besit egter tot R200,000 beperk word. Benevens die bestuursmaatskappy, moet die Registrateur ook die trustee en die trustakte goedkeur en registreer. Die trustee moet uit hoofde van die aard van sy besigheid oor voldoende ondervinding beskik en behoorlik toegerus wees om die pligte en verantwoordelikhede van 'n trustee te aanvaar en moet oor 'n opbetaalde kapitaal en onaangetaaste reserwes van nie minder nie as R1 miljoen beskik.

(b) Statutêre beleggingsvereistes vir effektetrusts

Die aanvanklike bates van 'n effektetrust moet effekte en kontant insluit wat 'n markwaarde van minstens R500,000 het. 'n Effektetrust mag nie meer as 5 persent van die markwaarde van al sy effekte in enige onderneming belê nie en mag nie meer as 5 persent van die effekte wat deur enige onderneming uitgereik is, opneem nie, behalwe in die geval van effekte wat deur 'n beleggingsmaatskappy uitgereik is, waar die beperking 10 persent is. Hierbenewens moet 'n effektetrust *goedgekeurde effekte*⁹ in sy portefeulje insluit wat 'n markwaarde van nie minder nie as 10 persent van die totale markwaarde van al die effekte in sy portefeulje het. Hierdie goedgekeurde effekte moet regeringseffekte insluit wat minstens gelyk aan 5 persent van die markwaarde van die effekte in sy portefeulje is.

(c) Werksaamhede van bestuursmaatskappye

Al die werksaamhede van 'n effektetrust word deur die bestuursmaatskappy uitgevoer. Onderaandele word nie regstreeks aan die beleggingspubliek uitgereik nie, maar deur die bestuursmaatskappy, wat as prinsipaal

⁷ Hierdie beginsel kan deur die volgende numeriese voorbeeld verduidelik word:

Vaste bedrag belê	Prys van effek	Aantal effekte gekoop
R75	50 sent	150
R75	75 sent	100
R75	100 sent	75
R225	225 sent	325

Totaal
Gemiddelde koste van effekte: $\frac{R225}{325} = 69 \text{ sent}$

Gemiddelde prys vir effekte betaal: $\frac{225 \text{ sent}}{3} = 75 \text{ sent}$

⁸ Deur Wette Nos. 11 en 68 van 1962, No. 65 van 1963, No. 58 van 1966 en die Wysigingswet op Finansiële Instellings van 1967.

⁹ Goedgekeurde effekte word gedefinieer as „effekte deur die Regering van die Republiek uitgegee of gewaarborg of deur 'n plaaslike bestuursliggaam in die Republiek, die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, die Randwateraad of die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie uitgegee, of sulke ander effekte as wat die registrateur vir doeleindes van hierdie Wet goedgekeur het”. (Artikel 1 van die Wet.)

by die uitreiking en aflossing van onderaandele optree, gekanaliseer. Die bestuursmaatskappy is verplig om alle onderaandele wat hom aangebied word, terug te koop en die voorwaardes waarop hy dit sal doen moet in die trustakte uiteengesit word. Die opbrengs van uitgereikte onderaandele word deur die bestuursmaatskappy namens die trust belê, terwyl die bestuursmaatskappy ook verantwoordelik vir die uitbouing van die effektrust is.

Kragtens die Wet moet die bestuursmaatskappy volledige inligting aan die Registrateur, onderaandeelhouders en ander belangstellende lede van die publiek verstrek aangaande al sy bedrywighede wat met die werksaamhede van die effektrust verband hou. Hierbenewens moet dit die markwaarde van elkeen van die effekte wat in die trust se portefeulje ingesluit is, in besonderhede bekend maak asook voorgeskrewe bykomende inligting aangaande die werksaamhede van die trust. 'n Bestuursmaatskappy is ook verplig om eksemplare van alle advertensies, brosjures en soortgelyke dokumente wat die maatskappy of enigeen van sy gemagtigde agente beoog om te publiseer, asook alle beoogde toevoegings daartoe of wysigings daarvan, vir goedkeuring aan die Registrateur voor te lê.

(d) Bestuursheffings

Twee heffings word gebruik om die bestuursmaatskappy se uitgawes wat bestaan uit registrasiefooi, algemene bedryfskoste, bevorderingskoste, agentekommissie, en die vergoeding van beleggingsadviseurs en die trustee, te dek. Eerstens, word 'n aanvangsheffing wat wissel van 1 tot 5 persent, afhangende van die grootte van die belegging, in die verkoopprys van onderaandele ingesluit. Tweedens, word 'n diensfooi van $\frac{1}{2}$ persent per jaar van die gemiddelde maandelikse markwaarde van die trust se portefeulje van die inkomste van die trust afgetrek voordat uitkerings aan onderaandeelhouders gemaak word. Dit is interessant om daarop te let dat die maksimum aanvangsheffing tot onlangs $7\frac{1}{2}$ persent bedra het, maar in afwagting van die jongste wysiging van die Wet¹⁰ wat die aanvangsheffing tot 'n maksimum van 5 persent beperk, het die maatskappye wat meer as 5 persent hef het, hulle maksimum persentasie tot hierdie syfer verlaag.

(e) Inkomste-uitkerings aan onderaandeelhouders

Afgesien van die bestuursmaatskappy se diensfooi, is ouditeursfooi, belasting en die amortisasie van effekte wat kwynende bates verteenwoordig, toelaatbare aftrekkings van die inkomste van 'n trust. Die oorblywende inkomste moet kragtens die Wet aan onderaandeelhouders uitgekeer word. Dividendbetalings word twee keer per jaar gedoen en die opbrengs kan deur die onderaandeelhouders in kontant geneem word

of in bykomende onderaandele belê word. Die Wet verbied uitdruklik die uitkering van die opbrengs van kapitaalwinste, regte en bonusuitgiftes wat tot voordeel van onderaandeelhouders herbelê moet word.

(f) Bepaling van verkoop- en terugkooppryse

Die manier waarop verkoop- en terugkooppryse van onderaandele bereken word, moet in die trustakte beskryf word. Die verkoopprys word gewoonlik bepaal deur die *netto batewaarde*¹¹ per onderaandeel plus die bestuursmaatskappy se aanvangsheffing. Voorheen kon die syfer wat op hierdie manier verkry is, tot die volgende heel sent afgerond word, maar hierdie prosedure is in die onlangse wysiging van die Wet afgeskaf. In afwagting van hierdie wysiging het effektrusts wat dit nie reeds gedoen het nie, daartoe oorgegaan om pryse tot twee desimale van 'n sent te kwoteer. Die terugkoop- of aflossingsprys is normaalweg gelyk aan die verkoopprys minus die aanvangsheffing.

(g) Beleggingskemas wat deur effektrusts aangebied word

'n Verskeidenheid van beleggingskemas word deur die effektrusts aangebied om aan die vereistes van verskillende beleggers te voldoen:

- (i) Die oprekening-beleggingsplan maak voorsiening vir 'n aanvanklike enkelbedragbelegging van 'n voorafbepaalde minimum waarby sporadiese verdere beleggings van 'n vasgestelde minimum gevoeg kan word. Dividende op hierdie beleggings word aan die onderaandeelhouer uitbetaal.
- (ii) 'n Variasie van die oprekening is die akkumulasieplan wat vir die outomatiese herbelegging van dividende tot voordeel van die onderaandeelhouer voorsiening maak.
- (iii) Die stelselmatige beleggingsplan maak voorsiening vir die belegging van 'n vaste maandelikse bedrag oor 'n voorafbepaalde tydperk met 'n outomatiese herbelegging van dividende op onderaandele. Onderaandeelhouders word die keuse gebied om hierdie beleggingsplan te koppel aan 'n versekeringskema wat die voltooiing van die plan waarborg ingeval die belegger voor die voltooiingsdatum te sterwe kom.
- (iv) 'n Stelselmatige onttrekkingsplan maak voorsiening vir die betaling van 'n gereelde voorafbepaalde inkomste, wat gedeeltelik uit kapitaal en gedeeltelik uit dividende bestaan, aan die onderaandeelhouer.

¹¹ Die netto batewaarde van 'n trust bestaan uit die markwaarde van al die effekte in die trust se portefeulje, plus verpligte fiskale koste verbonde aan die aankoop van die trust se portefeulje (d.w.s. makelaarsloon, belasting op verhandelbare effekte, en seëls), plus kontant, deposito's en opgelope inkomste (d.w.s. rente en dividende op beleggings wat vir uitkering aan onderaandeelhouders beskikbaar is), minus korttermynverpligings. Netto batewaarde per onderaandeel word verkry deur die totale netto batewaarde deur die aantal uitgereikte onderaandele te deel.

¹⁰ Hierdie wysiging is vervat in die Wysigingswet op Finansiële Instellings van 1967.

(h) Pensioen- en uittredingsannuïteitskemas wat aan onderaandele gekoppel is

Die effektrusts het in samewerking met versekeraars 'n nuwe ontwikkeling op die gebied van pensioen- en uittredingsannuïteitskemas ingevoer. Ingevolge 'n ooreenkoms tussen sekere effektrusts en versekeraars word 'n gedeelte, wat wissel van 50 tot 66 $\frac{2}{3}$ persent, van die bydraes tot pensioen- en uittredingsannuïteitskemas wat deur die versekeraars onderneem word, in onderaandele belê. Die oorblywende gedeelte van die bydraes word in die portefeulje van die versekeraar belê. Enige waardevermeerdering van kapitaal wat uit die belegging in onderaandele voortspruit asook dividende op hierdie belegging kom die pensioen- en annuïteitsfondse toe tot voordeel van die bydraers. Die skemas is daarop gemik om die moontlike uitwerking van inflasie op die reële waarde van die bydraers se kontraktuele besparings te neutraliseer. Die ooreenkoms tussen effektrusts en versekeraars maak voorsiening vir 'n grootmaatkorting van soveel as 5 persent op verkope van onderaandele aan die betrokke versekeraars. Hierdie korting word tot voordeel van bydraers aan die pensioen- en annuïteitsfondse oorgedra.

4. 'n Vergelyking van Suid-Afrikaanse effekte-trusts met hulle teenhangers in die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State

(a) Die bestuursamestelling

Soos gemeld in die inleiding, was die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State van Amerika die lande van oorsprong van die effektrust en dit mag interessant wees om die Suid-Afrikaanse effektrust met sy teenhangers in hierdie lande te vergelyk. Ten einde hierdie vergelyking te vergemaklik, mag dit nuttig wees om eers die verskille tussen die Britse effektrust en die Amerikaanse onderlinge fonds vas te stel.

Die effektrust en onderlinge fonds verskil wesenlik ten opsigte van hulle wetlike raamwerk. Effektrusts is egte trusts wat deur 'n bestuursmaatskappy geadministreer word en waarvan die bates in trust gehou word. Hulle het dikwels 'n leeftyd wat na 20 of 25 jaar eindig, maar wat na die vervaldatum verleng kan word. Onderlinge fondse is meesal, maar nie uitsluitlik nie, korporatiewe ondernemings. Die effektrust word opgerig en geadministreer deur 'n bestuursmaatskappy en die trustee oefen, in ooreenstemming met die trustakte, 'n mindere of meerdere mate van beheer oor die bestuursmaatskappy uit. Die onderlinge fonds is meesal 'n onafhanklike maatskappy wat deur middel van sy direksie 'n bestuursorganisasie kies om die administrasie van die fonds te behartig.¹² 'n Trustee word aangestel maar dien alleenlik as 'n be-

waarder van effekte met geen beheer oor die bestuursorganisasie nie.

Die Amerikaanse onderlinge fonds word gewoonlik deur 'n groter mate van spesialisasie gekenmerk. Verskillende partye kan by die werksaamhede van 'n onderlinge fonds betrokke wees, naamlik die onderlinge fonds self, die bestuursorganisasie, die bank wat as bewaarder optree, die bank wat dividenduitkerings doen en die agent wat aandele in die onderlinge fonds versprei. Die laasgenoemde twee funksies word egter dikwels by dié van die bestuursorganisasie geïnkorporeer. Die werksaamhede van effektrusts in die Verenigde Koninkryk berus slegs by drie partye, naamlik die bestuursmaatskappy, die trust en die trustee.

Wanneer die Suid-Afrikaanse effektrust met sy Britse en Amerikaanse teenhangers vergelyk word, is dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse instelling nou aan die Britse effektrust¹³ verwant is. Die belangrikste verskil is dat die Suid-Afrikaanse trust 'n onbepaalde leeftyd het.

(b) Verspreiding van onderaandele

Verkope van onderaandele word in die Verenigde Koninkryk regstreeks deur die bestuursmaatskappy of onregstreeks deur banke, effektemakelaars en ander professionele agente gedoen. Verkope van aandele in Amerikaanse onderlinge fondse word deur middel van 'n groothandelsverspreider gedoen wat 'n aanvangsheffing voeg by die netto batewaarde per aandeel wat deur die bestuursorganisasie ten behoeve van die onderlinge fonds behou word. Suid-Afrikaanse effekte-trusts volg die Britse voorbeeld, maar 'n afsonderlike verspreidingsmaatskappy word deur een van hulle vir die verspreiding van onderaandele gebruik.

(c) Bestuursheffings

Die aanvangsheffing wat deur die bestuursmaatskappy in die Verenigde Koninkryk behou word, is gewoonlik gelyk aan 3 $\frac{1}{4}$ persent, waaruit agentekommissie betaal word. In die Verenigde State is die aanvangsheffing ongeveer 8 persent, waarvan 2 persent deur die groothandelsverspreider van aandele behou word en 6 persent aan die kleinhandelsverspreider toegelaat word, indien so 'n verspreider gebruik word. Die aanvangsheffing van 8 persent word egter verminder in ooreenstemming met die grootte van die bedrag waarvoor aandele gekoop word. Suid-Afrikaanse bestuursmaatskappye se aanvangsheffing wissel van 1 tot 5 persent, afhangende van die grootte van die bedrag waarvoor onderaandele gekoop word. 'n Jaarlikse diensfooi gelykstaande aan $\frac{1}{2}$ persent van die gemiddelde maandelikse markwaarde van die portefeulje van die trust, is van toepassing in Suid-Afrika, die Verenigde State en gewoonlik ook in die Verenigde Koninkryk.

¹² Nie-geïnkorporeerde onderlinge fonds of „common law trusts” word deur trustees geadministreer, maar hierdie trustees kan deur die aandeelhouders in die fonds vervang word.

¹³ Daar moet egter op gewys word dat die meeste effektrusts in Suid-Afrika na hulleself as onderlinge fondse verwys, terwyl die begrip *effekte-trustskema* in die Wet gebruik word.

(d) Berekening van verkoop- en terugkooppryse van onderaandele

Verkoop- en terugkooppryse van onderaandele word op dieselfde manier in die drie betrokke lande bereken, maar 'n aflossingsheffing van 1 persent is soms in die Verenigde State van toepassing.

5. 'n Feitelike oorsig van die ontwikkeling van die effektetrustbeweging in Suid-Afrika

(a) Die globale groei van effektetrusts

Gedurende die eerste agt maande van sy bestaan, d.w.s. tot aan die einde van 1965, het die effektetrustbeweging wat toe uit twee trusts bestaan het, bates ten bedrae van R2.7 miljoen geakkumuleer. Twee nuwe trusts het gedurende 1966 aangesluit en totale bates het met R21.9 miljoen gedurende hierdie jaar toegeneem en met 'n verdere R13.7 miljoen gedurende die eerste vier maande van 1967. Die laasgenoemde vermeerdering is gelyk aan 'n jaarlikse toenamekoers van R41.1 miljoen. Totale bates het aan die einde van April 1967 op R38.3 miljoen te staan gekom en die netto batewaarde van die trusts het op hierdie datum R41.2 miljoen bedra. Hierdie groei-aspekte word in meer besonderhede in die volgende tabel aangetoon.

Veranderings in uitgesoekte poste van effektetrusts
R miljoene

Einde	Totale bates		Netto batewaarde van trusts	
	Bedrag	Verandering	Bedrag	Verandering
1965—Junie . . .	0.8	—	0.7	—
Desember . . .	2.7	1.9	2.5	1.8
1966—Junie . . .	9.6	6.9	9.0	6.5
Desember . . .	24.6	15.0	24.6	15.6
1967—April . . .	38.3	13.7	41.2	16.6

(b) Die bedrag wat in effektetrusts belê is

Tot aan die einde van April 1967 het beleggers¹⁴ 'n netto bedrag van R37.4 miljoen in effektetrusts belê. Hiervan is R1.9 miljoen gedurende 1965 belê, terwyl R20.8 miljoen gedurende 1966 en R14.7 miljoen gedurende die eerste vier maande van 1967 belê is. Wanneer die totale bedrag wat tot aan die einde van April 1967 in effektetrusts belê is, op 'n bruto basis beskou word, het die bestuursmaatskappye se verkope van onderaandele, teen verkooppryse wat op die betrokke datums van krag was, R38.5 miljoen bedra, terwyl totale terugkope of aflossings van onderaandele teen werklike terugkooppryse R1.1 miljoen bedra het. Terugkope het dus slegs 'n geringe gedeelte van die bestuursmaatskappye se transaksies met die beleggingspubliek uitgemaak. Vergeleke met die netto

bedrag van R37.4 miljoen wat tot aan die einde van April in onderaandele belê is, het die beleggers se aandeel in die netto batewaarde van die trusts R39.0 miljoen bedra. Dit beteken dat die totale bedrag wat tot aan die einde van April deur buitestaande beleggers in effektetrusts belê is, met 4.3 persent in waarde toegeneem het.¹⁵ Die bestuursmaatskappye se aandeel in die netto batewaarde van die trusts het aan die einde van April R2.2 miljoen of 5.3 persent bedra.

Belegging in effektetrusts deur die publiek
R miljoene

Tydperk	Bruto verkope van onderaandele	Bruto aflossings van onderaandele	Netto bedrag belê	Opgelope bedrag belê*	Aandeel in netto batewaarde van trusts*	
					Bedrag	%
1965—Mei-Des. . .	1.9	—	1.9	1.9	1.8	72.0
1966—1ste helfte . . .	6.7	—	6.7	8.6	8.3	92.2
2de helfte . . .	14.5	0.4	14.1	22.7	22.6	91.9
1967—Jan-Apr. . .	15.4	0.7	14.7	37.4	39.0	94.7
Totaal	38.5	1.1	37.4			

*Aan die einde van die tydperk.

(c) Transaksies in effekte deur effektetrusts en die samestelling van hulle portefeuljes

Gedurende die tydperk van twee jaar wat op 30 April 1967 geëindig het, het totale aankope van effekte deur effektetrusts, teen werklike transaksiewaardes, R33.6 miljoen bedra, terwyl totale verkope teen werklike verkooppryse R1.5 miljoen beloop het. Die opbrengs van verkope word herbelê sodat hierdie bedrag 'n verwisseling in die beleggings van die effektetrusts verteenwoordig. By benadering, sal 'n ooreenstemmende bedrag in die aankoopstelsel dus herbeleggings deur effektetrusts weerspieël. Die benaderde verhouding van herbeleggings tot totale aankope het 4.5 persent vir die tydperk onder beskouing bedra. Aan die einde van April het opgelope kapitaalverliese wat uit effektetransaksies voortgespruit het, R0.1 miljoen bedra.

Die effektetrusts se aanvanklike portefeuljes het slegs uit aandele bestaan, hoofsaaklik gewone aandele, en sedertdien is daar, afgesien van aandele, 'n geringe bedrag aan obligasies en note wat deur maatskappye uitgereik is, hierby gevoeg. Teen die einde van 1966 is die *Wet op die Beheer van Effekte-trustskemas* gewysig, ingevolge waarvan effektetrusts ook 'n

¹⁵ Daar moet op gewys word dat hierdie persentasie nie 'n vermeerdering in die waarde van enige belegging deur 'n onderaandeelhouer gedurende hierdie tydperk weerspieël nie. Dit verteenwoordig die gemiddelde waardevermeerdering oor die tydperk van die opgelope bedrag wat deur onderaandeelhouders belê is, met inagneming van die koers van verandering in die verkooppryse van onderaandele en die grootte van beleggings wat deur onderaandeelhouders op verskillende stadia gedurende hierdie tydperk gemaak is.

¹⁴ Uitgesonderd die bestuursmaatskappye.

voorgeskrewe belegging in goedgekeurde effekte moet handhaaf. Hulle is een jaar na die inwerkingtreding van die Wysiging¹⁶ toegelaat om aan die nuwe vereistes te voldoen. Die nuwe statutêre vereistes het daartoe gelei dat effektetrusts ook in goedgekeurde effekte begin belê het en aan die einde van April 1967 het hulle besit aan hierdie effekte R4·2 miljoen of 11·1 persent van die totale markwaarde van hulle portefeuljes bedra. Die samestelling van die gesamentlike portefeuljes van effektetrusts op hierdie datum word in die volgende tabel aangetoon.

Samestelling van die portefeuljes van effektetrusts soos op 30 April 1967

	Boekwaardes		Markwaardes*	
	R miljoene	%	R miljoene	%
Staatseffekte	3·2	9·6	3·2	8·5
Effekte van openbare korporasies	0·8	2·4	0·8	2·1
Effekte van plaaslike owerhede	0·2	0·6	0·2	0·5
Obligasies en note van maatskappye	0·1	0·3	0·1	0·3
Voorkeuraandele	0·2	0·6	0·2	0·5
Gewone aandele	28·8	86·5	33·4	88·1
Totaal	33·3	100·0	37·9	100·0

*Insluitende verpligte koste.

(d) 'n Indeling van die effektetrusts se besit aan gewone aandele

Die effektetrusts se beleggings in gewone aandele is hoofsaaklik tot aandele van nywerheids-, handels- en mynfinansieringsmaatskappye beperk. Aan die einde van Maart 1967 het hulle beleggings in hierdie tipe aandele ongeveer 88 persent van die markwaarde van hulle besit aan gewone aandele bedra. Ander gewone aandele wat deur hulle besit word, sluit aandele van nywerheidsfinansierings- en vaste eiendomsmaatskappye en van finansiële instellings in. Mynaandele verskyn nie in die portefeuljes van effektetrusts nie, behalwe 'n geringe bedrag steenkoolmynaandele. 'n Indeling van die effektetrusts se beleggings in gewone aandele word in die volgende tabel aangetoon.

Indeling van effektetrusts se beleggings in gewone aandele soos op 31 Maart 1967*

Tipe aandeel	Beleggings	
	R miljoene	%
Mynfinansiering	6·7	22·8
Nywerheidsfinansiering	1·0	3·3
Nywerheids- en handel	19·2	65·1
Vaste eiendom	0·5	1·5
Finansiële instellings	1·8	6·3
Steenkoolmyne	0·3	1·0
	29·5	100·0

*Teen markwaardes, uitgesonderd verpligte koste.

¹⁶ d.w.s. 24 Oktober 1966.



(e) Bewegings in pryse van en opbrengskoerse op onderaandele


Pryse van onderaandele het 'n aanmerklike toename getoon sedert effektetrusts in Mei 1965 met werksaamhede begin het. Soos gemeld in die inleiding, was hierdie 'n gunstige tydperk vir effektetrusts as vername beleggers in gewone aandele, aangesien die pryse van die meeste klasse van aandele, veral vanaf die laaste kwartaal van 1965, bestendig gestyg het. Gedurende 1966 het die pryse van onderaandele met 16 persent¹⁷ toegeneem en met 'n verdere 12 persent gedurende die eerste vier maande van 1967. Hierdie styging het die algemene toename in die pryse van die verskillende klasse van aandele in 'n aansienlike mate oortref.

Die stygende pryse van onderaandele tot aan die einde van April 1967, wat 'n weerspieëling was van die tendens in die pryse van die onderliggende effekte in die portefeuljes van effektetrusts, het die opbrengskoerse op hierdie onderaandele tot 'n betreklik lae vlak laat daal, en dit is duidelik dat die verwagte groei-eienskappe van die onderaandele baie swaarder weeg as hulle inkomsteverdienende eienskappe. Die gemiddelde opbrengskoers op onderaandele het vanaf ongeveer 4·2 persent aan die einde van 1965 tot sowat 3·4 persent aan die einde van April 1967 gedaal.

In hierdie opbrengskoers is die verwagte toekomstige groeikoers van die kapitaalwaarde van die onderliggende effekte in die trusts se portefeuljes, asook die verwagte toekomstige inflasiekoers, verdiskonteer. Die sterkte van hierdie verwagtings word weerspieël deur die marge tussen die opbrengskoerse op onderaandele en vasterentedraende effekte. Aan die einde van April het die opbrengskoerse op staatseffekte en semi-prima-effekte met 'n langtermynlooptyd onderskeidelik 6·5 persent en ongeveer 7·2 persent bedra, vergeleke met 'n gemiddelde opbrengskoers van 3·4 persent op onderaandele. Daar was dus 'n *omgekeerde opbrengskoersmarge*¹⁸ op hierdie datum wat van 3·1 tot 3·8 persent gewissel het.

¹⁷ Hierdie persentasie is gebaseer op 'n geweeegde indeks van onderaandelpyryse aan die einde van die maand, waarin die pryse van die verskillende effektetrusts geïnkorporeer is vanaf die maand waarin hulle met werksaamhede begin het.

¹⁸ Normaalweg kan verwag word dat die opbrengskoers op aandele dié op prima-effekte sal oorskry om sodoende die groter inkomsterisiko verbonde aan aandele te weerspieël.



6. Slotopmerkings

Een van die verdienstelikhede van effektetrusts is dat hulle nie alleen die groot belegger nie, maar ook die belegger met beperkte middele in staat stel om 'n aandeel in private ondernemings te bekom deur middel van 'n gediversifiseerde aandeelbelegging. Effektetrusts is dus in staat om uitleenbare fondse na aandeelbeleggings te kanaliseer wat andersins nie vir hierdie soort belegging beskikbaar sou gewees het nie, en om terselfdertyd beleggingsrisiko's vir die individuele belegger te verminder deur in 'n gediversifiseerde reeks effekte te belê. Hierbenewens bied effektetrusts 'n deskundige bestuur van beleggings aan wat gewoonlik nie vir die klein belegger beskikbaar is nie.

Beleggings deur effektetrusts vind hoofsaaklik in gewone aandeel plaas en die pryse van gewone aandeel neig om oor die langtermyn te styg. Die markwaarde van 'n aandeelbesit mag dus met verloop van tyd toeneem en die reële waarde van so 'n besit en van die inkomste wat daaruit voortspruit, kan dus gehandhaaf word ten spyte van langtermyn-toenames in die algemene pryspeil.

'n Ander funksie van effektetrusts is die stimulerings van gereelde besparing deurdat stelselmatige beleggingskemas aangebied word. Hierdeur word die risiko dat 'n individuele belegger in aandeel op 'n ongeleë tydstop belê, wanneer aandeelpryse 'n hoogtepunt bereik het, verminder deur middel van die rand-kostegelykstellingsbeginsel. 'n Belegging in aandeel deur middel van 'n effektetrust verseker dus nie alleen 'n diversifikasie tussen verskillende effekte nie, maar ook 'n mate van diversifikasie ten opsigte van die verskillende pryse waarteen effekte aangekoop word. Laasgenoemde verminder die beleggingsrisiko's wat uit korttermynskommelings in aandeelpryse voortspruit. Die rand-kostegelykstellingsbeginsel is ongetwyfeld tot voordeel van die stelselmatige belegger in aandeel, maar moet in die regte perspektief gesien

word. In hierdie verband kan 'n deskundige op die gebied van effektetrustadministrasie aangehaal word: „A policy pursued in accordance with the theory (van rand-kostegelykstelling) does not guarantee an individual that he will always show a profit on his equities on their current value over their cost price. There is a risk, that realisation values will be below cost price, entailed by any investment in equities”.¹⁹ Hoe langer die tydperk waarvoor beleggings gemaak word egter is, hoe kleiner word die risiko van 'n kapitaalverlies, as natuurlik aangeneem word dat daar oor die langtermyn 'n opwaartse tendens in aandeelpryse is.

Dit beklemtoon weer eens dat 'n belegging in 'n effektetrust wesenlik van 'n langtermynaard is omdat die aandelemark oor die korttermyn net sowel mag daal as styg. Die aflossingseienskap waarvoor onderaandeel beskik, voorsien aan hierdie onderaandeel, teoreties altans, 'n likwiede karakter. Hierdie eienskap word dikwels deur diegene gemoeid met die bevordering van effektetrusts, beklemtoon maar dit behoort duidelik te wees dat dit slegs in 'n beperkte sin geldig is. In praktyk is onderaandeel nie in alle omstandighede aflosbaar sonder die moontlikheid van 'n kapitaalverlies nie, sodat die likwiede aard van hierdie onderaandeel van 'n stygende mark afhanklik is, aannemende dat kapitaalverliese vermy sal word.

Effektetrusts beklee 'n belangrike plek in die finansiële struktuur van baie lande en vervul 'n nuttige funksie deur die mobilisering van risikokapitaal vir die ontwikkeling en uitbreiding van private ondernemings. Hierdie funksie sal ongetwyfeld baie voordelig vir 'n land wees wanneer 'n uitbreiding van ekonomiese bedrywigheid, veral in die private sektor, nagestreef word. Oor die korttermyn is die waarde wat aan hierdie funksie geheg moet word, egter nie altyd van eweveel belang nie. Hoogkonjunktuurtydperke wat deur inflasionistiese druk gekenmerk word, mag 'n daaropvolgende aanpassingsproses in die vorm van 'n stadiger koers van ekonomiese vooruitgang, veral van die private sektor, noodsaak. Daar mag dus 'n kleiner behoefte bestaan aan 'n wydverspreide onttrekking van uitleenbare fondse uit alle moontlike bronne vir doeleindes van belegging in effekte van die private sektor. Dringender behoeftes mag ondervind word op ander gebiede, soos byvoorbeeld behuising, of om 'n agterstand in die infra-struktuur, wat gewoonlik met tydperke van vinnige ekonomiese groei saamgaan, te verlig. Maar effektetrusts floreer gewoonlik gedurende tydperke gekenmerk deur lewendige ekonomiese toestande, wanneer aandeelpryse deur optimisme en inflasionistiese neigings beïnvloed word, en dit sal gedurende hierdie fases van die konjunkturgolf wees dat 'n uitbreiding van effektetrusts se bedrywigheid nie altyd in ooreenstemming met die oogmerke van ekonomiese beleid mag wees nie. So 'n toestand neig egter om homself reg te stel deur middel van die

¹⁹ Stuchbury, O. P.: *The Management of Unit Trusts*. Thomas Skinner & Co. (Publishers) Ltd., Londen, 1964, p. 17.

prysmeganisme, soos uitgedruk in relatiewe opbrengskoerspeile, tensy ooroptimisme en verwagtings aangaande die toekomstige inflasiekoers sodanig is dat die werking van die prysmeganisme tydelik ondoeltreffend gemaak word. Opbrengskoerse op aandele relatief tot dié op vasterentedraende effekte mag tot so 'n lae vlak daal dat hierdie *omgekeerde opbrengskoersmarge* beleggers kan oortuig dat 'n belegging in aandele, voorlopig altans, nie die veiligste of mees winsgewende vorm van belegging is nie, selfs wanneer die groeipotensiaal van gewone aandele in aanmerking geneem word. Die pryse van en opbrengskoerse op verskillende soorte effekte mag dus 'n verskuiwing van die klem in beleggings teweegbring.

Hierdie argument berus egter op beginsel en is op die oomblik slegs in 'n beperkte sin op Suid-Afrikaanse effektetrusts van toepassing. Hoewel hulle relatief gesproke merkwaardig gegroei het, moet hulle kwantitatiewe belangrikheid, in verhouding tot die hele Suid-Afrikaanse finansiële struktuur, nie oordryf word nie. Hoewel die huidige ekonomiese beleid in Suid-Afrika mag vereis dat voorkeur verleen word aan die aanwending van besparings in 'n ander vorm as 'n belegging in aandele, het die groei van die effektetrustbeweging tot dusver slegs 'n geringe bedrag aan beleggingsfondse van meer toepaslike beleggingsgeleenthede, onder heersende omstandighede, na die private korporatiewe sektor weggekeer. Daar moet besef word dat 'n sekere gedeelte van die bedrag wat deur middel van effektetrusts in aandele belê is, waarskynlik op hierdie manier belê sou gewees het sonder die tussengangerfunksie van die trusts.

Dit is egter minder seker dat die effektetrusts nie tot die huidige *groeiopsigose*, wat nie alleen die effektemarkte oorheers nie maar dwarsdeur die private sektor strek, bygedra het nie. Soos nog nooit tevore

in Suid-Afrika, is beleggers bewus van die groeimoglikhede van gewone aandele en die verskansing teen inflasie wat 'n vermeerdering in die kapitaalwaarde van 'n aandeelbesit bied. Dit opsigself is 'n belangrike ontwikkeling in die verkryging van 'n meer gesofistikeerde beleggingspubliek. Maar hierdie *aandeelbewustheid* tesame met 'n basiese tekort aan aandeelbewyse en 'n bestendige institusionele vraag na aandele, waartoe die effektetrusts op die oomblik ongeveer R3 miljoen per maand bydra, dien waarskynlik om aandeelpryse op 'n baie hoë vlak te handhaaf, hoewel dit nie die bedoeling van die instellings mag wees om dit te doen nie. Op sy beurt, neig dit om die algemene optimisme in die volkshuishouding te versterk en mag tot ongeregverdigde verwagtings aangaande die toekomstige koers van ekonomiese groei aanleiding gee. Dit is 'n ongelukkige sameloop van omstandighede dat hierdie ontwikkelings voorgekom het op 'n tydstip toe die owerhede hulle vasberadenheid te kenne gegee het om die toenamekoers van totale monetêre vraag te verminder ten einde inflasie te bestry.

'n Waardebepaling van die belangrikheid van die effektetrustbeweging vereis egter 'n langtermynsiening. Oor die korttermyn mag werksaamhede van effektetrusts nie in alle omstandighede in ooreenstemming wees met die oogmerke wat deur ekonomiese beleid nagestreef word nie, maar oor die langtermyn kan die mobilisering van besparings deur die trusts van groot waarde vir die land wees. Die verdere groei van effektetrusts mag natuurlik tot 'n herverdeling van beskikbare besparings tussen verskillende finansiële instellings en leners lei, maar op hierdie stadium kan nie voorsien word in watter mate die finansiële struktuur van Suid-Afrika deur so 'n ontwikkeling geraak sal word nie.

EFFEKTETRUSTS — UITGESOEKTE POSTE EN TRANSAKSIES

R miljoene

Tydperk	Totale bates aan einde van tydperk	Markwaarde van effektebesit aan einde van tydperk ¹			Netto batewaarde ³ van trust aan einde van tydperk			Uitgiftes en aflossings van onderaandeel ⁴			Aankope en verkope van effekte ⁷		
		Goedgekeurde-effekte ²	Gewone aandele	Ander effekte	Besit deur onderaandeelhouders	Besit deur die bestuursmaatskappy	Totaal	Bruto uitgiftes ⁵	Aflossings ⁶	Netto uitgiftes	Aankope	Verkope	Netto belegging
1965: 2de Kwartaal	0·8	—	0·7	—	0·2	0·6	0·7	0·2	—	0·2	0·1	—	0·1
3de Kwartaal	1·3	—	1·1	—	0·6	0·5	1·2	0·5	—	0·5	0·4	—	0·4
4de Kwartaal	2·7	—	2·0	—	1·8	0·7	2·5	1·2	—	1·2	0·5	—	0·5
1966: Januarie	3·2	—	2·5	—	2·2	0·7	2·9	0·4	—	0·4	0·4	—	0·4
Februarie	3·8	0·1	3·1	—	2·8	0·7	3·5	0·6	—	0·6	0·6	—	0·6
Maart	5·0	—	4·2	—	3·8	0·8	4·6	0·9	—	0·9	1·0	—	1·0
April	6·1	—	5·0	—	4·9	0·8	5·7	1·1	—	1·1	0·8	0·1	0·8
Mei	8·1	0·1	6·5	—	6·8	0·8	7·7	2·0	—	2·0	1·9	—	1·9
Junie	9·6	0·1	7·9	—	8·3	0·7	9·0	1·7	—	1·7	1·5	0·1	1·4
Julie	11·4	0·1	9·1	0·1	9·8	0·9	10·7	1·9	—	1·9	1·4	0·1	1·3
Augustus	15·0	0·4	12·3	0·2	12·6	1·2	13·8	2·5	0·1	2·4	3·4	0·1	3·3
September	17·0	0·4	15·4	0·2	15·3	1·4	16·7	2·5	0·1	2·5	1·8	0·3	1·5
Oktober	19·7	1·8	17·2	0·2	17·8	2·4	20·3	2·6	—	2·6	3·2	0·1	3·1
November	21·6	2·2	18·7	0·2	20·3	1·7	22·1	2·8	0·1	2·7	2·5	0·3	2·1
Desember	24·6	2·4	20·6	0·2	22·6	2·0	24·6	2·1	0·1	2·0	1·9	0·1	1·9
1967: Januarie	26·8	2·7	23·5	0·2	25·8	1·9	27·6	2·8	0·1	2·7	1·8	0·2	1·6
Februarie	30·4	3·1	26·6	0·2	29·6	1·9	31·5	3·5	0·2	3·3	3·4	0·1	3·4
Maart	34·3	3·9	29·8	0·2	33·9	2·2	36·1	4·2	0·2	4·0	3·4	—	3·4
April	38·3	4·2	33·4	0·2	39·0	2·2	41·2	4·9	0·2	4·7	3·5	0·1	3·4

1. Insluitende verpligte koste, d.w.s. makelaarsloon, belasting op verhandelbare effekte, en seëls.
2. Goedgekeurde effekte bestaan uit effekte uitgereik deur die Regering, plaaslike besture, die Landbank, die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie en die Randwaterraad, en ander effekte deur die Registrateur van Effektetrustmaatskappye goedgekeur.
3. Markwaarde van effektebesit, plus kontant, deposito's en opgelope inkomste, minus korttermynverpligtings.
4. Deur die bestuursmaatskappy.
5. Teen verkooppriyse.
6. Teen terugkooppriyse.
7. Teen werklike transaksiewaardes.